UIT DIE PEN VAN DIE CEO (25/22)
(Volg my op Twitter justchad_cga)
Justin Chadwick 24 Junie 2022

"Life shrinks or expands in proportion to one's courage." Anaïs Nin

POLITIEK TROEF DIE WETENSKAP

In die 1970's het die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf besluit om beheer oor sy eie navorsing en tegniese ontwikkeling te neem met die uitgangspunt dat internasionale handelsvennote, die Internasionale Plantbeskermingskonvensie sal respekteer en verseker dat alle maatreëls, wat die handel in vars produkte reguleer, op grondige wetenskap gebaseer sal wees.

Die gebeure van die afgelope paar maande het aan die lig gebring dat hierdie uitgangspunt nie heeltemal waar is nie - en dat politiek dikwels die wetenskap troef. Dit blyk duidelik uit nuwe maatreëls wat vir Suid-Afrika, Eswatini en Zimbabwe ten opsigte van handel in lemoene ingestel is. As iemand twyfel dat hierdie maatreëls alles behalwe polities is, moet 'n mens net na die feite kyk: na twee dae se beraadslaging oor die nuwe maatreëls en die inherente gebreke daarin besef is, het die EU se "Standing Committee on Plant, Animal, Food and Feed (SCOPAFF)" die maatreëls op 29 April 2022 teruggetrek. Dit het groot konsternasie in Spanje veroorsaak, en die Spaanse Minister van Landbou se pos was op die spel. Hy het Dinsdag, 3 Mei 2022, na Brussels gevlieg en 'n DG Agri-vergadering toegespreek; in wese geëis dat die maatreël weer ingestel word. SCOPAFF het die volgende dag 'n vinnige vergadering gereël en die maatreël weer ingestel en daaroor gestem, alles op een dag!! By die DG Agri-vergadering het Ministers van lidlande die behoefte onderstreep dat maatreëls nodig, geregverdig, proporsioneel en uitvoerbaar moet wees. Gepubliseerde maatreëls voldoen aan geen van hierdie kriteria nie:

- **Nodig:** Suid-Afrika bedryf 'n gesofistikeerde stelselbenadering vir VKM-risikobestuur, wat reeds verskillende koue behandelingsprotokolle insluit, tesame met die kategorisering van vrugte in fitosanitêre risiko-kategorieë, deur intensiewe voor- en na-oes monsterneming en inspeksie bepaal. Die koue behandelingsprotokolle word dan aangepas vir: (a) die risikoprofiel van die spesifieke vrug ter sprake; (b) die toestande en logistieke realiteite oor 'n uitgestrekte land; en (c) die eienskappe van die betrokke vrugte, insluitend die koue verdraagsaamheid daarvan. Dit bied die buigsaamheid wat inherent vereis word deur 'n groot verskeidenheid produkte wat oor 'n groot en diverse land geproduseer word, en op grond van die beste beskikbare wetenskaplike navorsing verseker dat die stelselbenadering aan Probit 9-doeltreffendheidstandaarde voldoen.
- **Geregverdig:** Daar is geen krisis met betrekking tot VKM-onderskeppings met betrekking tot sitrusinvoere nie. Die Suid-Afrikaanse prestasierekord toon 'n afname met 14, 19 en 15 aangemelde onderskeppings oor die afgelope drie jaar (spesifiek vir *Citrus sinensis*: 14, 12 en 10), en VKM is slegs 'n kwarantynplaag vir hierdie tydperk. Dit is 'n positiewe tendens, veral in die lig van die (verhoogde) volumes wat verhandel is (99,98% van alle besendings het geen onderskeppings gehad nie); en vir 7 uit die 15 onderskeppings in 2021 het ons nie goeie bewyse gekry dat die larwes wat onderskep is, lewend was nie (fotos wat bruin en swart larwes wys). Inteendaal, daar is 'n probleem met ander kommoditeite (blomme, groente) van ander oorsprong.
- **Proporsioneel**: Die voorgestelde maatreëls sal SA-uitvoere na die EU (ter waarde van sowat EUR 1 miljard per jaar en ten minste 120 000 werksgeleenthede in Suid-Afrika direk en baie meer in beide Suid-Afrika en Europa) ernstig beinvloed. Daar is duidelik minder handelsbeperkende en ewe doeltreffende maatreëls beskikbaar, soos die voortsetting van die bestaande stelselbenadering, wat voor die 2022-seisoen, verder versterk is.
- **Uitvoerbaar:** 86,6% van Suid-Afrikaanse lemoene wat in 2021 na die EU uitgevoer is, is onder kodes gelaai wat in die Risikobestuurstelsel gespesifiseer is, wat nie voorverkoeling vereis nie. Dit beteken nie dat hierdie vrug 'n bepaalde fitosanitêre risiko inhou nie: die gebruik van hierdie kodes is slegs moontlik indien die vrugte voldoen aan die nodige spesifikasies soos in die stelselbenadering uiteengesit (inherent laer plaag voorkoms, toepassings van die strengste parameters in ander areas van die stelsel (beide voor- en na-oes monitering, monsterneming, inspeksie ens.), en laer stelpunt-temperatuur tydens verskeping).

Die CGA en DALLRD het teen hierdie nuwe wetgewing baklei van dit die eerste keer voorgestel is, en sal nou teen die SCOPAFF-besluit appelleer, wat na verwagting op 14 Julie 2022 in werking sal tree. Ons sal produsente op hoogte hou.

GEPAK EN VERSKEEP

Einde van Week 24 Miljoen 15 Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvanklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB/AGRIHUB	2020	2021	2022	2021	2022	2022	2022	2021
Pomelo's PP (17kg)		2.0 m	2.4 m	1.4 m	1.7 m			
Pomelo's Klas 1&2 (17kg)		9.7 m	9.2 m	9.0 m	7.7 m			
Pomelo's	12.2 m	13.2 m	13.1 m	11.8 m	10.6 m	16.8 m	15.7 m	17.5 m
Mandaryne	10.2 m	12.1 m	11.5 m	9.1 m	9.4 m	34.5 m	34.1 m	30.9 m
Suurlemoene	18.1 m	17.4 m	18.7 m	15.4 m	17.0 m	32.3 m	32.2 m	31.0 m
Nawels	11.5 m	12.4 m	10.1 m	8.1 m	6.9 m	28.7 m	27.4 m	27.2 m
Valencias	2.5 m	2.7 m	1.9 m	0.8 m	0.7 m	58.2 m	57.7 m	55.0 m
Totaal	**54.5 m**	**57.8 m**	**55.3 m**	**45.2 m**	**44.6 m**	**170.5 m**	**167.1 m**	**161.6 m**